

# HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HERALD



## >>> BLADSY 2

### Hou Heilbron skoon

Inwoners word vriendelik gevra om nie rommel op oop terreine te stort en daar te los nie.

## >>> BLADSY 3

### Witgaat koffie dalk die ding

Boererate bestry COVID-19 en die ou boeretroos, Witgaat behoort seker nader getrek te word.

## >>> BLADSY 7

### OK Foods is skoon

Onsmet en binne een dag heropen en ander personeel tot dusver nog negatief vir COVID-19.

## IS DIE AANSLUITING VEILIG?

Hoeveel vragmotors moet nog omslaan voordat die Departement van Polisie, Paaie en Vervoer iets daaraan gaan doen om hierdie draai en die skerp hoek van aansluiting meer sigbaar te maak? Donderdagoggend omstreeks 00:15 het die aansluiting uit die R57 na die Heilbron/Frankfort

pad, weer 'n swaarvoertuig met 'n tenkwa geëis. Gelukkig is niemand ernstig beseer nie en die tenker vol Bitumen, 'n produk wat gebruik word in die teerproses, het ook nie uitgeloop nie. Die rehabilitasie van skade wat aangerig is na 'n vorige ongeluk, waartydens giftige Kreosoot

uitgeloop het, kos derduisende rande. Spoed kan 'n moontlike oorsaak wees, maar gegewe die skerp hoek van die draai is daar nie genoegsame waarskuwings en padtekens nie. Die foto bo wys slegs die pad na Frankfort aan, maar geen teken dat die draai skerp is nie.



## ONWETTIGE STORTINGSTERREINE

Talle Heilbronniers kan bevestig dat vullisverwydering nie elke week gedoen word soos beloof nie. Dit veroorsaak onwettige stortingsterreine en oop geskeurde vuilgoedsakke in die dorp. Is dit weens inwoners wat onveilig voel om self vullis by die asgate weg te gooi? Volgens 'n mediaverslag deur AfriForum, voldoen geen stortingsterrein in die Vrystaat aan die nasionale standaard nie. Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur dui dat 'n stortingsterrein aan bepaalde vereistes moet voldoen. Geen van die 25 stortingsterreine wat in die Vrystaat geoudit is, het aan die nasionale standaard voldoen nie. Heilbron is een van 3 Ngwathe dorpe wat in hierdie groep val. Om aan wetgewing te voldoen, moet minstens 80% behaal word uit 'n lys van 33 vroeë faktore insluit soos toegangsbeheer, brande, mediese afval, omheining en rehabilitasie. Frankfort vanuit die Mafube munisipaliteitsdistrik is ook op hierdie lys aangedui. Die mediaverklaring van die VF-Plus dui daarop dat Frankfort se stortingsterrein bydra tot besoedeling

aan die Wilgerivier. Hierdie terrein hou ernstige gesondheids- en veiligheidsrisiko's vir inwoners in en ongeag dat dit nie aan die vereistes voldoen nie, word die terrein bedryf sonder die nodige lisensie. Heilbron is ook hieraan skuldig. Die gebied waar Frankfort se stortingsterrein geleë is, veroorsaak dat besoedelde reënwater direk in die Wilgerivier afloop. Die rivier voorsien water aan duisende mense en diere. Stroomaf loop dit in die Vaalrivier ten einde weer water aan die hele Gauteng te voorsien. Daar is reeds oor die Mafube rioolprobleem berig in die Heilbron Herald van 8 Mei 2020 waar aangedui word dat die besoedeling terugdateer tot in die jaar 2007. AfriForum-takke sal van hulle kant af druk plaas op owerhede in hul gebiede om moniteringskomitees te stig en bestuursprosesse van afval te verbeter. Dit is hoogtyd dat onwettige storting en besoedeling van waterbronne ernstig opgeneem en oortreders vervolgd word. Lees meer op bladsy 2 oor hoe Heilbronniers die storting in eie hande kan neem in 'n poging om die dorp skoon te kry.



**BKB LOUWID**

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**  
**DONDERDAE - ROYAL AUCTION CENTRE**

**Vir kraalbesprekings en inskrywings**  
**skakel Plet Boshoff : 083 210 7135**  
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071  
E-pos: frankfort@bkbkouwid.co.za  
www.bkbkouwid.co.za  
Reg. No. 3036/09-173/07

*Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!*



# ROSSOUW FINANSIËLE DIENSTE IN HEILBRON

Dis met groot dankbaarheid en opwinding dat Rossouw Finansiële Dienste hulle nuwe kantoor bekendstel te Breëstraat 76, Heilbron. Ons wil net van die geleentheid gebruik maak om ons kliënte hartlik te bedank vir hul getroue ondersteuning en alle nuwe kliënte welkom heet. Rossouw Finansiële Dienste bied jou die volle finansiële ervaring en spesialiseer in korttermynversekering, lewensversekering, boedelbeplanning, mediese fondse en beleggings.

**Ons het kontrakte met onder andere die volgende maatskappye:** Korttermynversekering: Santam, Old Mutual Insure, Safire, Bryte ens. **Lewensversekering en beleggings:** Momentum, Old Mutual, Liberty Life, Discovery Life en Holland. **Mediese fondse:** Momentum, Discovery Health, Medihelp en vele meer. **Kontak gerus vir GP Rossouw by 082 319 9472, vir kwotasies of verdere navrae.** *Rossouw Finansiële Dienste BK, FSP 46212, is 'n geregistreerde finansiële diensverskaffer.*



Dis met groot hartseer dat ons steeds meer vullis- en bourommelhoop sien ontstaan in ons mooi dorp wat gevolglik vuil en onaantreklik word. Die geboue en geriewe by ons damterrein is grootliks afgebreek en disfunksioneel, bome word op baie plekke afgesaag of verniel, ens. Vullissakke word na die spruit by die ingang van die Vegkop woonbuurt en na feitlik elke ander parkie of oop area gesleep, uitgekrap op soek na enigiets bruikbaar (of selfs eetbaars?) en al die ander huisvullis word net so gelos. Die middelmannetjie en syaadjies in Langmarkstraat en ander strate is oortrek met bossies en die algehele beeld van die dorp is baie slordig. Kom ons vat hande en probeer ons dorp weer netjies maak. As almal saamwerk en 'n bydrae maak sal dit 'n groot verskil maak. Probeer ten minste u eie syaadjie en die direkte omgewing van u woonplek netjies hou. Die Here verwag dat ons sy pragtige skepping moet waardeer en oppas. As u dit nie vir uself wil doen nie, doen dit dan vir Hom!

Inwoners word vriendelik gevra om nie bourommel op oop terreine te stort en net daar te los nie. Reël asseblief dat dit so gou moontlik op u eie koste verwyder word. Verder moet u asseblief probeer om nie asblikke te vroeg uit te sit nie sodat mense dit kom wegsleep en uitkrap voor dit deur die munisipaliteit

opgelaa word nie. Ongelukkig is die vullisverwyderingsdiens van die munisipaliteit nie baie betroubaar nie en bly die sakke en ander rommel soms dae lank by die pad staan, wat die situasie natuurlik vererger. Ons wil graag voorstel dat as die vullis nie op die bestemde dag opgelaa word nie, u dit weer binnekant u erf / agter die hek sal plaas en dit nie oornag by die pad sal laat staan nie. Ons het Maandag 80 swart sakke met vullis in die spruit vanaf die brug in Fronemanstraat laat optel. Die munisipaliteit het onderneem om die sakke weg te ry en ons is dankbaar dat dit intussen gedoen is. Asseblief mense, werk saam om ons dorp netjies te hou (al het ons nie self die gemors veroorsaak nie), sodat ons weer trots kan wees op ons dorp met sy vriendelike mense. Kom ons staan saam soos met die suksesvolle teerprojek (wat ongelukkig tydelik tot stilstand gekom het as gevolg van die Covid-19 inperking).

**Baie dankie**  
**Jan en Gerda Floor**



## HOU HEILBRON SKOON

# WITGAAT KOFFIE DALK NET DIE DING



Die Covid-19 virus word nou bestry met allerhande boererate en een van die dinge sal daar seker die ou boeretrou Witgaat nader getrek word.

Vir die wat nog nie gehoor het van die ou Voortrekker koffie "Boscia albitrunca", of te wel uit Latyn vertaal as Witbas of soos in die ou Hollandse "taal" as Witgaat bekend staan nie, kan daar eersdaags 'n nuwe eksperiment wees.

My goeie vriend, outboet Willem Krog, wat nou al 'n hele paar jaar nie meer saam met ons is nie en nie die virus saam met ons hoef te bestry nie, het my een jaar toe ons deur die Noord-Kaap getoer het om Letelle ramme te klas, gewys hoe lyk die boeretrou boom wat die Voortrekkers en seker ook die inheemse volk, destyds gebruik het.

Die boom met die witbas se wortel is gedroog en gerooster en daarmee is koffie getrek. Dit word in Engels ook genoem die Shepherd's Tree. Soos op die foto kan gesien word, is die skaduboom die skaapwagter se rusplek en ook skaduwee vir wild. Die geharde boom groei net in sekere droë omgewings en veral in Namibië.

Van ou boererate gepraat, daar word met heimwee teruggedink aan die Saterdagoggende toe ons ou moeder die drie seuns op 'n ry laat staan het, die "blou bottel" op die kombuistafel en 'n lepel in die



hand, ons bloed wil suiwer. Ja-nee, die suikerlepel het ook reggestaan om die dik stroop van die kasterolie mee af te sluk.

Destyds was die keuse of die blou bottel of Engelse sout. Jong seuns steek mos allerhande goed in hul monde en hul moet bietjie gesuiwer word.

Daardie jare was die purgeermiddels maar beperk. Die ou mediese raadgewer – huisdokter – was maar daardie dik donkergroen boek wat elke huis geraadpleeg het as daar geite of siektes was!

Dink ook aan die Zink-Pyn Specific wat alle siektes en pyne se baas was. Dit is ook nie meer met ons nie. Onthou u nog 'n teelepel van die pienk medisyne en dan word daar ook die pil daarna gedrink. En dan was daar geen

huis sonder Vicks, Lennon se Lewensessens, Entressdruppels, Balsam Kopiva en die wondermiddel vir 'n seer tand, Naeltjie-olie, nie. So is die "kwale" onderdruk en moet ook nie vergeet van die aspirine en Zambok salf nie.

Interessant is dat Arthur Lomax, wat vroeër jare met die Lomax apteek op Heilbron sake gedoen het, se broer die Lennon-fabriek op Ladybrand bedryf het.

Jan Sloopkraal vra toe of ek weet hoe word 'n perd medisyne ingegee?

Hy vertel sy oordele vader het 'n rypdier gehad met die naam Whisky waarvoor hy baie lief was. Op 'n dag sien hy toe ou Whisky is nie lekker nie en vermoed dat ou Whisky perdesiekte het.

Hy jaag hom toe 'n hawerland in om daar die onvermydelike einde te betree.

As 'n laaste poging om Whisky by te staan, vat hy 'n bottel Zink-Pyn Specific, meng die pil daarin en gooi die hele bottel deur Whisky se neusgate in. Wonder bo wonder het ou Whisky na drie dae herstel van perdesiekte.

Nou weet ek ook dat 'n perd se medisyne deur sy neus toegedien word.

*Time Gentleman*  
*Tom Watson*



**CFL Granite Works**

Manufacturing & installing of Granite, Marble & Quartz Countertops & Tombstones

068 852 2680 082 578 8777

www.cflgranite.co.za

**Tanzer & Truiter**

**DUPNO Trading**

Ons verhuis na  
11/11 HFB en Presidentsstraat  
598 B2 680 / 073 258 7565



# "WEEK DERTIEN"

van die inperking mog taxi's 50% van hulle normale vraag gelaai het. In fase 4 het ons ook begin stap. Ek sien een oggend hoe 'n paneelwa, met geen vensters nie, tot op 'n hoek hier naby ry en 'n emmervrag vol passasiers uitspoeg. 50% se dinges, sê ek jou.

Ek weet nie hoeveel hulle tans mag inlaai nie. En toe kom Fikile "Fear F-nothing" Mbalula en belowe die taxi-eienaars die son, maan en sterre. Die taxi-eienaars kom agter dat die bedrag nie al die sterre insluit nie, en hulle blokkeer die stad se strate en toegangsroetes tot sekere woonbuurte. Baie trots op hulself. Om alles te kroon, het minister Tito Mboweni die noodbegroting aangekondig.

As jy nou alles bymekaar tel, is dit 'n redelike gemors, want aan die een kant staan (toyi-toyi) die taxi-eienaars bakhand en verwag die regering aan die ander kant dat die werkende bevolking meer moet bydra tot belasting.

Volgens Ennie betaal sy nou, vanaf vlak 3 inperking, R50 om na ons toe te ry en R50 terug, dus is R100 klaar af met die rioleringsstelsel voordat sy nog iets kon koop met haar geldjies. Hier is die ding: Ons betaal almal BTW, wat 'n verligting is. Wonderlik, op daardie vlak is ons almal gelyk. Ek betaal e-tol. Ja, lag maar. Baie mense ignoreer die rekening wat so gereeld soos 'n opelyf in die posbus aankom (gelukkig was die poskantoor toe, in sommige plekke is die poskantoor nog steeds toe, en in ander dele van die land werk die poskantoor glad nie. *One of the joys of being a South African.*) Ek het

'n e-tolskyfie en hoor die piep-piep gereeld wanneer ek onder deur een van daardie mooi, nuwe goeters op die snelweg ry. Ek betaal my gek aan belasting. Moontlik omdat ek meer verdien as diegene wat in die plakkerskampe woon. Juis daarom het ek twee werke: my daaglikse werk, en in die aand merk ek take aanlyn vir 'n sekere universiteit. Nog 'n rede vir my twee werke is omdat my werkgever nie bydra tot my pensioenfonds nie. Ek moet voorsiening maak vir my eie. Ek wil nie eendag in iemand se oë kyk wanneer ek die 65 slaan nie. Ek wil steeds onafhanklik wees, soos wat ek tans probeer wees.

Ek spaar hierdie geld in 'n uitreeannuïteit waaraan ek nie mag raak nie. En dit is goed so. Ek werk daarvoor, en ek mis nie daardie handvol geldjies nie, want ek het dit nog altyd so gedoen. Maar elke dan en wan hoor ek dat een of ander ongelooflike slim minister wat niks weet van "minis" nie, die pensioengelde wil vat en een of ander "useless" maatskappy soos SAL wil help. Ek wil tot in my groottoon in gril, want hoekom wil hulle my eie persoonlike geld, waarvoor ek regtig hard werk, vat? Ek glo daar gaan iemand wees wat hierdie sogenaamde ministers gaan keer.

Terug by die taxi's: Ek het in 2002 vir die eerste keer Londen besoek. En hoe meer ek terugdink aan wat my vertel is oor die Black Top Taxis, hoe meer dink ek Suid-Afrika kan so iets ten minste ten dele implementeer. Die taxibestuurders word as 'n

spesiale diens gesien. Hulle moet 'n tweejaarlanse kursus deurloop waar hulle verkeersreëls leer en die roetes na enige gegewe plek in die stad. Elke leerlingbestuurder kry 'n stadskaart en ry met bromponies deur die stad om die roetes te leer. Daar is ongeveer 180 standaard roetes. Daar is dit 'n prestasie om die eienaar te wees van 'n Black Top Taxi. Sommiges is selfs "ge-chroom", en dit is 'n nog beter prestasie as om net 'n swart taxi te ry.

Hier in Suid-Afrika jaag die taxi van punt A na punt B, so vinnig as moontlik en sny voor elke denkbare beweegbare voorwerp in. Hulle staan modderskerm-aan-modderskerm in Bloedstraat terwyl hulle gekookte eiers of iets anders by die straatverkopers kry. Die ganse verkeer word opgehou totdat die bestuurder se gekookte eier in sy keelgat verdwyn het. Hulle toet van die oggend tot die aand en stop presies net waar hulle wil. Hulle swenk voor jou in en jaag aan die linkerkant van die pad verby. Maar ons moet hulle subsidieer: dalk van my belastinggeld af, maar definitief van Ennie se geld af. En as Ennie minder geld het om vir haar gesin te sorg, moet ek inbetaal. En dus kom die taxi-subsidie van my af.

O ja, en toe vertel Ennie my hoe die een taxidrywer die ander ene bel om te laat weet van padblokkades of verkeerspolisie. Die taxibestuurders gee dan glad nie om tientalle kilometers ompaie te ry nie. Ek wonder net wanneer ons almal oor dieselfde kam geskeer gaan word.

## GEBED VAN 'N OUER

Hemelse Vader, hoe dikwels het ek al nie vir U dankie gesê vir die kinders wat U aan my toevertrou het nie, maar ewe dikwels het ek heel moedeloos na U gekom omdat ek raadop was. Here, ek kom bid, maar weer dat U vir my groot wysheid en insig sal gee in die grootmaak van hulle. Gee dat ek só sal lewe dat ek hulle liefde en respek sal verdien, dat ek my onvoorwaardelike liefde vir hulle sal aanbied, maar tog die nodige dissipline van hulle sal vra, dat ek baie geduld aan die dag sal lê, en altyd bereid sal wees om na my kinders te luister. Here, dankie dat ek my kinders se verlossing in U Hande kan los. Dankie dat ek kan bid dat as U hulle sal roep, dat hulle sal antwoord. U weet dat hulle in 'n moeilike wêreld grootword vol versoekings. In 'n wêreld wat U nie wil erken nie. Help my om hulle vir U groot te maak en nie my eie idees op hulle af te dwing nie, maar hulle nogtans die regte waardes in te skerp. Baie dankie vir my lewende geskenke uit U Hand. Maak van my 'n ouer op wie my kinders trots sal wees en waarmee U tevrede sal wees, en ek 'n ware Christen oor sal wees. Amen

Bron: Gemeente Kerkbladje NG Kerk Petrus Steyn  
Ingestuur deur: Hélène Howell (Huis Bron-van-Heil)  
*Die reis na die hart van 'n kind is meermale 'n moeilike reis, dis nimmereindigend, maar die vriendskap met 'n kind is een van die mooiste stasies wat 'n mens kan bereik - Alba Bouwer*

# GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars

Heilbron Herald (Edms) Bpk,  
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron  
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140  
www.heilbronherald.co.za

## E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za  
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

Celésté herald@heilbron.co.za - (Kommersiele drukwerk & koerantbydraes)  
Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiele drukwerk & koerantbydraes)

Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)

Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Silma heraldnuus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort

en Reitz asook op webwerf.

*Menings en opinies wat uitgespreek*

*word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING VAN TER INSAE LÊ

In die boedel van wyle ANDRIES OLIVIER VAN SCHALKWYK, Identiteitsnommer 301113 5009 086 wie oorlede is op 28 Oktober 2019 en woonagtig was te Huis Bron-van-Heil, Heilbron 9650 en 'n wewenaar.

Meesternommer: 9592/2019  
Geliewe kennis te neem dat die Eerste- en Finale Likwidasie- en Distribusie-rekening van bogemelde boedel by die Landdroskantoor te Heilbron en die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein ter insae sal lê vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae en gereken vanaf 26 Junie 2020.

Geteken te Parys op hierdie 3de dag van Junie 2020.

Naam en adres van eksekuteur of gemagtigde agent:

GERDA SMALL PROKUREURS, WATERSTRAAT 22, PARYS 9585.  
TEL: 056 817 6026.  
VERW: G Small/V184

## KENNISGEWING

In die boedel van wyle JACOMINA SUSANNA ELIZABETH  
PRETORIUS  
Nommer 8040/2018

Identiteitsnommer 310325 0005 088, wat gewoonlik woonagtig was te Gibertstraat 28, Heilbron en wat te Sebokeng op 8 Februarie 2018 gesterf het en haar langsliewende gade JOHANNES CHRISTIAAN PRETORIUS, Identiteitsnommer 250210 5028 081.

Die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel sal ter insae lê by die kantoor van die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en 'n afskrif daarvan by die kantoor van die landdros vir die distrik van Heilbron, waar die oorledene gewoonlik woonagtig was ten tye van haar dood, vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Gedateer te Heilbron op hierdie 15de dag van Junie 2020.

JH JANSEN  
JANSEN PROKUREURS  
PROKUREUR VAN EKSEKUTEUR  
PIERCESTRAAT 58  
POSBUS 890  
HEILBRON, 9650  
VERW: PRE6/0005/JHJ/cm

# TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.  
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.  
Hannalie Claassen  
079 040 0531

G

Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.



# DIENTE SMALLS

**Andries Muller**  
072 447 7446

Vrystaat 23, Heilbron  
Ou Heilbron  
Betonwerke se gebou



**MILLING • KEYWAYS  
ALGEMENE DRAAIWERK  
MEGANIESE  
HERSTELWERK**



## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.  
Kontak Jaco Meiring  
082 851 6158 of  
Piet Meiring  
082 571 4191  
peerlandhandel@gmail.com

R

# EIENDOMME

## VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON  
Tel: 058 852 2041  
Petro Meintjes 083 308 9159

# WEERVOORSPELLING


|             |         |        |
|-------------|---------|--------|
| Vr 26 Junie | 1 / 18  | Sonnig |
| Sa 27 Junie | 2 / 18  | Sonnig |
| So 28 Junie | 0 / 16  | Sonnig |
| Ma 29 Junie | -1 / 16 | Sonnig |
| Di 30 Junie | 1 / 19  | Sonnig |
| Wo 1 Julie  | 4 / 18  | Sonnig |
| Do 2 Julie  | 4 / 18  | Sonnig |
| Vr 3 Julie  | 3 / 20  | Sonnig |
| Sa 4 Julie  | 4 / 19  | Sonnig |
| So 5 Julie  | 4 / 19  | Sonnig |
| Ma 6 Julie  | 4 / 19  | Sonnig |

## COVID-19 FOGGING

Business owners – are you legally compliant and operating within requirements of COVID-19? Ensure the health and safety of you staff, contact us for professional assistance to ensure legal compliance and to combat the spread of COVID-19.

Fogging is used predominately for the application of disinfectants, biocides, fungicides & pesticides. The fog or mist formed of Ultra Low Volume (ULV) droplets, destroy airborne and surface-based pathogens, with minimum disruption to both you and your business. Our SANS-approved chemicals, result in a residual killing effect in excess of 30 days and is probably the quickest and easiest way to disinfect large areas.

Interested in a cost effective, hygienic and healthy environment? Contact us for an obligation-free quote  
Jorrie (Heilbron area) : 083 580 8059  
Jaco : 060 914 8552  
jjnprojects2020@gmail.com



JJN Projects

R

Herald

Office National

NEW CLOTHING AND APPAREL CATALOGUE NOW AVAILABLE

## GREEN LABEL GARMENTS

- 80/20 Polycotton
- Triple stitched inner leg & back side
- Monza Breast Pocket
- Sizes 32-52

FROM R154.50 excl VAT

Also contact us for a quote on Boiler Suits | Long-sleeve Dustcoats | Short-sleeve Housecoats





# WILGIE REDENAARS PRESTEER IN GRENDELTYD

Die organiseerders van redenaarskompetisies moes grense verskuif met die aanbieding van kompetisies vir redenaars. Grendeltyd en inperking het die bekende manier van redenaarskompetisies gekelder. Wilgie-redenaars het die geleentheid aangegryp om op die nuwe platforme deel te neem.

Op 20 April 2020 het elkeen vooraf opgeneemde video's van hulle optrede, aanlyn aan die organiseerders van Radikale Redenaars gestuur. Hierdie was die Oos-Vrystaat Uitdun. Al die redenaars het uitstekende simbole verwerf.

Kylie de Klerk (Gr. 11), Ziané van Niekerk (Gr. 10), Estiaan Roodt (Gr. 7), Reinhardt Roodt (Gr. 3) en Desiré Roodt (Gr.2), dring deur na die Vrystaat Finaal en gaan eersdaags met lewendige Zoom-optredes aan dié rondte deelneem.

Op 23 April 2020 was die uitdaging bietjie groter vir die Wilgie-redenaars. Oppie Tong Af Redenaars het vereis dat redenaars, "live on line", deur middel van die Blue Jeans App, hulle toesprake lewer met 'n gehoor in Pretoria. Wilgie-redenaars het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Kylie de Klerk (Gr. 11), Ziané van Niekerk (Gr. 10), Estiaan Roodt (Gr. 7), André Pieterse (Gr. 5), Reinhardt Roodt (Gr. 3) en Desiré Roodt (Gr.2) dring deur om as weners van die Vrystaat aan die Nasionale kompetisie in Oktober 2020 deel te neem.

Baie geluk aan die Wilgie-redenaars. Julle het geskiedenis gemaak met 'n eerste ooit en julle is baanbrekers! Hoërskool Wilgerivier se onderwysers, leerlinge en ondersteuners is trots op julle.

Julle het beweeg, toe alles stilgestaan het.



André Pieterse



Desiré Roodt



Estiaan Roodt



Reinhardt Roodt



Kylie de Klerk



Ziané van Niekerk



Chané du Plessis skiet 'n Gembok op 20 Junie 2020 met 'n 30-06 en 180gr punt.



Natalie Ferreira skiet haar eerste bok, 'n Wit Blesbokram, met haar verloofde se 30-06.



Jané Jansen van Rensburg skiet 'n Blesbok met haar broer se 223 Savage ter nagedagtenis aan hom.



Chané du Plessis skiet 'n Gembok op 20 Junie 2020 met 'n 30-06 en 180gr punt.



Natalie Ferreira skiet haar eerste bok, 'n Wit Blesbokram, met haar verloofde se 30-06.



Jané Jansen van Rensburg skiet 'n Blesbok met haar broer se 223 Savage ter nagedagtenis aan hom.

# OK FOODS IS SKOON TREURIGE DIENS GELEWER

Nadat een van die werknemers by OK Foods in Heilbron positief getoets het vir Covid-19, was die winkel onmiddellik gesluit. 'n Onmiddellike besluit is deur die bestuur geneem en reëlins is gemaak om die winkel die volgende dag te ontsmet en te reinig. OK het aan al die winkels riglyne gegee om hierdie tipe situasie op die regte manier te benader, protokol is gevolg en NICD en die Departement van Gesondheid is dadelik in kennis gestel van die situasie.

Volgens die bestuur is die persoon reeds sedert die vorige week in isolasie en daar is op 20 Junie bevestig dat die persoon positief getoets het. Sertifikate is uitgereik dat OK nou skoon is en dieselfde dag van ontsmetting op 21 Junie het die winkel die middag weer heropen. Alhoewel jy reeds 15min na sanitering die winkel kan binnegaan het hulle 1 uur gewag om te bevestig die kieme is vernietig. Al die winkel se werkers het dadelik die siftingstoets ondergaan, waarvoor almal negatief getoets het en geen personeel toon tot dusver enige simptome nie. Die wat na aan die betrokke werknemer gewerk het, is ook nou tuis om 14 dae van self-isolasie te ondergaan en monitor hulself vir simptome. Alle werknemers wat teruggaan werk toe se temperatuur sal gemeet word en die gesigbeskermers sal elke uur skoongemaak word. Die werker self is feitlik gesond en gereed om terug werk toe te gaan, hy/sy moet egter eers gesond verklaar word deur die Departement van Gesondheid. Honderde mense besoek daaglik supermarkte en ander omgewings en kan hierdie gebeurtenisse nie voorspel word nie. Egter kan elk seker maak die regte maatreëls is in plek en die nodige planne is voorgelê indien so iets sou gebeur. Nuutste uitreiking van Covid-19 inligting dui daarop dat Heilbron op 14 positiewe Covid-19 gevalle staan.

# SKAPE GESLAG EN GESTEEL

Daar is Sondag 27 skape geslag langs die Frankfortpad, in die omgewing van die selfoonfontoring naby die plaas Witklip. Die skape is gesteel op die plaas Bloemhof van mnr Johan van der Merwe. Veediewe het drade geknip en skape deur twee plase gejaag om hulle langs die pad te slag en te laai. Die veediefstaleenheid het 4 karkasse langs die pad gekry waar die skape keelaf gesny is, maar bloed en binnegoed wys dat die res daar geslag en gelaai is. Die vermoede bestaan dat die karkasse bestem was vir die Vaaldriehoek.

Met verwysing na die berig "Diewe lockdown nie" in die Heilbron Herald van 29 Mei 2020. Jehanne van der Merwe volg met ons op oor die dief wat haar geliefde skilpaaie gesteel het en moontlik in 'n bouse kringloop verskeie skilpaaie op dieselfde manier ingedoen het. Geen van die gesteelde skilpaaie is al teruggevind nie. Verlede week besoek 'n man haar by die huis, op soek na brood om te eet. Sy herken toe die skraal lyfie agter die masker en vra hom om dit te verwyder. Sy herken die man wat haar voorheen besoek het, en vra hom waar is haar skilpaaie. Die man pleit onskuldig en verwys na iemand in die pad wat die skelm is, wat weer met 'n sak en vermoedelik 'n skilpad daar binne rondloop. Inderhaas spring sy, die besoeker en haar tuinwerker in die bakkie en sit hom agterna. Jehanne het besef die man lei hul om die bos en ry toe rustig in die rigting van die polisiestasie sodat daar opgetree kan word teen hierdie skelms. Sy reël met haar tuinwerker om solank van die bakkie af te klim wanneer hulle naby die polisiestasie kom om die nodige personeel na buite te bring vir vinnige reaksie. Toe die dief besef wat gebeur, spring hy in die ry uit en hardloop weg. Jehanne kom tot stilstand by die polisiestasie en kry geen reaksie van die polisieman wat buite staan nie. Die man is aan die hardloop en die polisieman stel meer belang in die administrasie agter die gebeurtenis. Die dief is steeds op vrye voet en kon intussen verskeie mense weer indoen weens slegte dienslewering van die polisie



# BRIEWE VAN ONS LESERS

**Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.**

Sien jy "spoke"? . Hoeveel sien jy elke dag? Jy is bang vir die dag wat voorlê, bang jou kan iets oorkom, bang die pyn kan dalk kwaadaardig wees, bang jy gaan jou werk verloor, bang die reën kom te laat vir die oes, bang jou siekte mag kronies raak, of jy kan iets oorkom onder operasie, bang, bang ... Die dissipels van die Here het ook eenmaal "spoke" gesien toe hulle op die boot in die storm was. Toe het hulle gedink Jesus wat na hulle gekom het 'n spook en hard geskree van ang. Matteus 14: 24-26. Wanneer sien jy "spoke"? In krisis tye, waneer jy alleen is,

wanneer jy bekommerd is, wanneer jy twyfel en onseker is, wanneer jy kleingelowig en moedeloos is, en soms as jy siek is. In hulle vrees het hulle selfs vir Jesus as 'n spook gesien, terwyl Hy oppad was om vir hulle te help om die storm te bemeester. Hy kom mos nooit te laat nie, Hy's altyd bewys van die storms in ons lewe. Moenie spoke sien nie, dit bestaan nie. Jou lewe is in God se hand. Hy weet van daardie storm in jou lewe wat by ons spook en vir ons soms soos 'n "spook" lyk. Jesus bid vir jou. Tree vir jou in as middelaar by die Vader. Hy kom na jou toe (Markus 6: 48), Hy klim by jou in die skuit (Markus 6:51). Hy bring die storm tot bedaring en vat dit weg. (Matteus 14:32) en laat die "spoke" verdwyn. *Bron: Uit 'n traktaatjie*

**the Stitch Witch**  
Jo-Anne de Lange  
074 8422 970 : Heilbron

Alterations on all clothes  
Matric farewell dresses  
Plus size outfits  
Wedding dresses  
Bride's Maid dresses  
Mother-of-the-bride dresses  
Costumes for adults and children  
Curtains, bedding and much more  
Tailor outfits for the perfect fit, his & hers  
Turn your old clothes into something new

I will visit you by appointment in the comfort of your home

**LOCKDOWN WINSKOPIES**

Varknek & skouerlappies @ R44.50/kg  
Vark lommies @ R49.95/kg  
C-graad skaap @ R79.00/kg  
Wildsbewerking @ R5.80/kg

**Wholesale**  
**Idlani Miellemeele nou in voorraad**  
**ONS LEWER AF**  
Whatsapp jou bestelling, naam en adres na 0827816163

**OJ's MEAT MARKET**  
0827816163  
Call 0827816163

Langmarkstraat, Heilbron



HERALD

# GRENDELTYD WAS GOED VIR SOMMIGES SPORT

Dis was Saterdag soos 'n reünie vir Heilbron se gholfers wat die eerste keer na 102 dae weer kon speel.

Om die gholf weer af te skop met 'n slagspel-kompetisie was nie 'n maklike een nie, hier moet jy tot in die putjie speel en kan nie soos in ander formate optel as dit sleg gaan nie.

Julyan Bruyns is 'n sportman wat bekend is vir sy "ball sense" en het grendeltyd hom net gevaarliker gemaak. Hy wen die

HBA maandbeker met 'n netto telling van 69, drie houes beter as sy voorgaande.

Jackie speel ook warm gholf en eindig tweede met 'n 70 netto. Willie Pretorius en Johan Nelson het moedig probeer in die dubbel putjiespel teen Julyan en John Watson, maar verloor ongelukkig teen laasjaar se kampioene.

Willie was derde in die maandbeker met 'n netto van 71. Wiam Rautenbach en Jackie klop ook vir Gerrie Muller en Eben Stander in hulle dubbel putjiespel wedstryd. Die naweek word daar vir Mei se maandbeker gespeel en is inskrywings vanaf 10:30 vir afslaan 11:00. Daar sal ook weer vleispryse op die spel wees.

Streng Covid-19 maatreëls word by die gholfklub gehandhaaf soos voorgeskryf deur SAGU, die klubkaptein het net sy masker afgehaal vir identifikasie doeleindes.



Wenners van maandbeker kompetisie vl: Willie Pretorius, Eben Stander, Julyan Bruyns en Jackie Leonard.

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.

**Remedierende Therapie & Studiemetodekursus**  
silmi, behulp van metodes en ortho-tegnieke vir jong leerders (14-19 jaar)

**Bréda Scheepers: 083 680 5875**

**playball**  
FOR UNTIL 2.7 YEARS

**R140 per month**  
1-on-1 training or groups up to 5  
Book with  
**Natalie Ferreira**  
082 8300 513  
natalie.ferreira199@gmail.com  
www.playballkids.com

Playball covers developmental components like motor planning, midline crossing, spatial orientation & bilateral integration  
Coaches are trained to be leaders in your child's education

**Heilbron • Edenville • Frankfort**

**Hugo Groenewald**  
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewende-hawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navraag!

www.vandervort.co.za

**Vandervort**  
11 Hadebestraat 97,  
Frankfort, 9830  
Tel: 082 569 7205  
Kontak: 082 569 7205

**GiG Technologies (Pty) Ltd.**  
• Alarm Systems • Web Development  
• Computer Products • Internet Service  
• Computer Repairs • CCTV Installations

**Jenny Wireless Internet**  
www.jenny.co.za  
087 170 0000

Contact us for all your technical needs  
Address: 072 847 4405 • Heric: 074 279 0800  
Email: info@gigittechnologies.co.za

**BKB Louwid NOORD**  
Die komende week se BELANGRIJKSTE veillings

**DINSDAG - 30 JUNIE 2020**

**BLERKSDORP Weeklikse veiling**  
Kontak Yennie Nel 083 325 3066

**VEREBURG Weeklikse veiling**  
Kontak Frank Fortuin 079 560 7088

**FRANKFORT Weeklikse veiling**  
Kontak Jacques Meyer 070 697 0090

**KROONSTAD Weeklikse veiling**  
Kontak Piet Wessels 082 857 7027

**VRIDAG - 3 JULIE 2020**

**STANDERTUR Weeklikse veiling**  
Kontak Paul de Bruyn 079 552 1158

**POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling**  
Kontak Muel Hartter 076 114 5049

www.bkb.co.za  
BKB Louwid NOORD 3905/026175/07  
Postbus 220, Frankfort, 9830  
Tel: (058) 813 1871 Faks: (058) 813 1819  
e-pos: frankfort@bblouwid.co.za

**POSTNET HEILBRON**

**VAKANTE BETREKKING**

VAKANTE POS BY POSTNET  
HEILBRON VIR WINKELASSISTENT.

CVs KAN NA ABRIE WATSON BY  
HEILBRON HERALD GESTUUR WORD  
NA ABRIE@HEILBRON.CO.ZA.

AANSOEKE SLUIT 30 JUNIE 2020.

42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650  
Tel: 058 85 30 006  
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: http://heilbron.postnet.co.za